Verwysing: 20170327-9485
13/3/2
Navrae: M Combrink

Eksamenadministrasieminuut: 0002/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Adjunkdirekteure; Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk-hoofonderwyskundiges; Assesseringskoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike eksamensentrums

Onderwerp: Openbare en onafhanklike skoolbesoeke vir 2017

1. Ingevolge Regulasie 27(2) van die *Regulations Pertaining to the Conduct, Administration and Management of the National Senior Certificate examination,* gepubliseer in Staatskoerant No. 37651 van 16 Mei 2014, "All examination centres must be evaluated by an official from the assessment body, to verify that all the necessary facilities required for conducting the examination are available at the centre."

2. Waar daar herhaalde oortredings van die eksamenkode is, kan 'n sentrum sy eksamenstatus verbeur. Die leerders van onafhanklike skole sal nie gesertifiseer word as die onafhanklike skool nie by Umalusi geakkrediteer is nie.

3. Amptenare van die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal skole kontak om 'n datum en tyd vir 'n gereedheidsbesoek te reël.

4. Besoeke sal vanaf April 2017 tot September 2017 plaasvind.

GETEKEN: T SINGH
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-04-03